

Sondag 1 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 73

Fokusgedeelte: Psalm 73:24-26

Gemeenskap met Christus in die Nagmaal verdryf verbittering

Asaf het 'n groot worsteling. Hy het in vertwyfeling verval toe hy die voorspoed van die goddelose mense en die ellende van die opregtes sien. Hy het in sy eie lewe horisontaal gemeet en afguns het hom beetgepak (vs 3). Só erg, bely hy, was die twyfel en afguns dat dit vir hom gevoel het of hy tevergeefs sy hart rein gehou en sy hande in onskuld gewas het. Dit beteken nié dat Asaf sondeloos was nie. 'n Rein hart beteken nie sondeloosheid nie, maar wel dat hy on-danks sy eie sonde die lewende Here met 'n opregte geloof gedien het.

Is dit dan tevergeefs om die Here met 'n opregte geloof te bly dien terwyl die goddeloses in hulle goddeloosheid voortploeter? Nee. In die gemeenskap met die Here kry Asaf perspektief: hy het die genade ontvang om vanuit die gemeenskap met God (vs 17) na alles te kyk.

In gemeenskap met God kry ons perspektief. Ook in die viering van die Nagmaal gee die Here aan ons perspektief.

Onreg word nie ongestraf gelaat nie. Mý onreg word aan Christus gestraf – daarvan is die brood en die wyn 'n teken en 'n seël. Deur Christus se verlossingswerk mag ek in gemeenskap met God lewe deur die Heilige Gees (vs 17, 23).

In die gemeenskap met Christus aan die Nagmaalstafel word my geloofs-oog opnuut gerig om te sien dat my lewe deur die raad van God gelei word. My geloofsoog word opnuut verhelder dat ek kan sien: aan die einde van my lewe word ek in heerlikheid opgeneem. Ek mag aan die ewige feesmaal aansit. Ek mag sien: Op die laaste dag, wanneer Christus as Regter terugkom, sal ook die onreg nie ongestraf gelaat word nie.

Só word die vertwyfeling, afguns en verbittering verdryf wanneer ek in gemeenskap met Christus perspektief ontvang: In die gemeenskap met die Drieenige God lê ware lewensvreugde, en nié in die voorspoed wat die wêreld bied nie!

Sing: Psalm 73-1:9, 10

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)